

# Jean du Plessis

Vriende en Mede Aandeelhouers

KA aandeelhouers moet nie toelaat dat sensasie soos die media verklaring (insetsel onder) met bypassende fotos van 'n [beweerde formele] ontmoeting deur sekere KA Bestuurs-/Direksielede met die ene mnr. Eugene Modise op 10 Desember 2024 hulle laat flous met sg. "samewerking", "verbintenisse", "ondernemings" en/of "verpligtinge" deur Tshwane gegee nie. Daardie vergadering was niks anders as 'n blote skouspel en flikflooi met 'n verteenwoordiger van 'n disfunksionerende ANC [plaaslike] owerheid nie. Mnr. Modise beskik oor geen magte om bindende ondernemings te gee of besluite, insluitende sg. 'boetes' en 'grondbelasting', namens Tshwane t.o.v., en voortspruitend uit, Kleinfontein se formaliserings-/dorpstigtingsaansoeke te maak nie.

Die KA boodskap rakende Tshwane se "*onder andere voldoening aan die uitspraak deur grondbelasting dramaties te verhoog...*" en "*Dit wil egter voorkom asof die Tshwane regsspan nie ten volle op hoogte is......*", tesame met die invoegsel van bovermelde foto, is <u>hoogs misleidend</u> – om die waarheid te sê, volgens my inligting, ongegrond. Met baie selektiewe en misleidende woordkeuses word die indruk in die boodskap geskep dat "vordering" reeds t.o.v. die formaliserings-/dorpstigting proses gemaak is. Dit word dan gekoppel aan 'verhoogde grondbelasting' waarvoor KA die aandeelhouers nou, sonder bewese regmatige aansprake deur Tshwane, verantwoordelik wil hou.

Wees ingelig dat die verskeie betrokke Tshwane departemente en komitees, verantwoordelik vir die Kleinfontein formaliseringsproses, asook instelling van heffings/boetes/belasting nie amptelik oor Kleinfontein se aansoek(e), sowel as die instelling en omvang daarvan, besluit het nie. In teenstelling met vorige bewerings deur KA Bestuur op interne media, nl. dat Tshwane kwansuis eiendomswaardasies op Kleinfontein gedoen het, bestaan daar, volgens my en menige aandeelhouers se kennis, nie 'n behoorlike onafhanklik geakkrediteerde waardasierol t.o.v. Kleinfontein eiendomme nie. Tesame met die feit dat Kleinfontein nie 'geformaliseer' is nie (en sg. 'onwettig' is), gaan onsamegangende bewerings deur KA rondom die sg. 'formaliseringsproses' wesenlik mank, is ondeursigtig en skep wantroue – veral t.o.v. waarvoor aandeelhouers in hierdie verband belas word; waarheen sodanige fondse oorbetaal word; en waarvoor dit aangewend word.

Die huidige [ondeursigtige en verdagte] onhoudbare situasie rondom die 'formalisering-/dorpstigting prosesse', en gebrek aan daadwerklike konstruktiewe vordering (terwyl KA aandeelhouers en Kleinfontein inwoners die 'soustrein' voed) is die resultaat van, o.a., 'n onbetroubare, disfunksionerende plaaslike owerheid en oneffektiewe KA onderhandelings- en proses bestuurstrategië.

My vorige voorstel (per my skrywe van 12/10/2024) van 'n Spesiale Aandeelhouers vergadering rondom hierdie aangeleentheid ten einde deursigtigheid te bekom, mandate te vestig, oor onderhandelingstrategië te besluit en 'n [bevoegde] onderhandelingspan aan te wys, het aandeelhouers toegelaat dat dit outoritêr deur die KA Bestuur/Direksie verontagsaam was.

Voordat hierdie aangeleentheid verder tot nadeel van die KA aandeelhouers eskaleer en/of uitgebuit word en selfs (hopelik nie) tot verdere regsaksies aanleiding gee, word ‘n ernstige beroep op aandeelhouers, sowel as die KA Bestuur/Direksie gedoen op daadwerklike konstruktiewe formele optrede deur alle belanghebbende partye (en dit sluit lede van die KIV in). Myns insiens is die Gemeenskapsforum nie die bevoegde forum hiervoor nie.

Vriendelike groete

Jean Duplessis

Whatsapp: 071 214 1361

19/02/2025




Maandag 07/02/2025

**KFN | Regsake:** Tshwane het kennis gegee dat die Bloemfontein appélhofaansoek van die drie kiv lede ook deur Tshwane teengestaan word. Tshwane maak dit duidelik dat hulle reeds optree teen Kleinfontein. Tshwane het onder andere begin voldoen aan die uitspraak deur grondbelasting dramaties te verhoog en ook deur diverse regsskrywes. Kleinfonteiners sal die 4755 Tshwane belasting opmerk op hulle maandelikse rekeninge. Dit wil egter voorkom asof die Tshwane regsspan nie ten volle op hoogte is van die vordering wat reeds met amptenare soos die onderburgemeester (foto inlas) gemaak is nie. Vir eers is Tshwane en Kleinfontein bondgenote in die regsstryd wat deur hierdie drie lede aangevoer word. Ons hou u op hoogte soos die situasie ontwikkel.